Oordenking
25 Maart 2009

Simon van Sirene help Jesus om sy kruis te dra.

Lukas 23: 26: *Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle 'n sekere Simon van Sirene, wat toe net van buite die stad af gekom het, en sit die kruis op hom om dit agter Jesus aan te dra.*

Jesus nooi ons uit om ook ons kruis op te neem en bied aan ons die belofte van oorvloedige lewe as ons dit doen. *"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou." (Lukas 9: 23-24).*

Selfverloëning en om jou lewe ter wille van die saak van Christus op te offer mag die moeilikste aanspraak op ons lewens wees wat bestaan. Maar die waarheid is dat dit 'n onbeskryflike belofte inhou: dat ons heerlike vervulling saam met Christus sal ervaar – en dat my lewe gered sal word vir alle ewigheid.

Gebed:
Dierbare Heer, ek moet ook my kruis opneem en U volg. Soms bied ek weerstand teen hierdie roeping, self al weet ek dat as ek aan myself sterf, sal ek die ware lewe vind. Help my Here om my lewe ter wille van U te verloor en my kruis op te neem, want ek begeer ook die oorvloed van die lewe in u Koninkryk. Amen.